18 Desember **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-20**
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:15,17

Kersfees – Christus het gekom om sondaars te red

Vandag oor ‘n week is dit Kersfees. Die winkelvensters, liggies, advertensies en mense wat inkopies doen is ‘n bewys daarvan. Die hele wêreld maak hom reg om Kersfees te vier – selfs ongelowiges. Dit is egter nie al waaroor hierdie fees gaan nie.

Kersfees gaan oor Christus se koms na hierdie wêreld. Hy het nie sommer maar net gekom nie. Nee, sy koms het ‘n bepaalde doel gehad: “Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos” (vers 15). Hy het met sy bloed betaal om sondaars los te koop van die sonde. Kersfees handel nie oor geld en liggies nie, maar oor die redding deur die bloed van Christus. Dit is die beloftes van die Ou Testament wat waar geword het.

Sondaars word gered – gewone mense uit al die terreine van die lewe wat waaragtig in God glo, word gered. Kersfees verseker ons van Christus se koms tot ons redding. Hierdie versekering word beklemtoon deur twee begrippe, naamlik “betroubaar” en “…kan sonder voorbehoud aanvaar word” (vers 15). Christus se koms na die wêreld is ‘n historiese feit. Geen leuen kleef daaraan nie. Jy hoef nie daaroor te redeneer of te twyfel nie. Glo dit dat Hy vir jou mens geword het en leef in dankbaarheid daaroor (vers 17).

Jy weet dus verseker dat jy ‘n hemelse bestemming het. Daarvoor het Christus gekom.

Sing: Skrifberyming 4:1,3,4 Ds W Vogel (Welkom)